# BOEKBEOORDELING

**PSYCHOLOGY FOR NURSES AND THE HOSPITAL TEAM** deur Evryl E. Fisher.

Drukkers: Juta & Company Limited, Kaapstad, Wynberg, Johannesburg, 1972.

Hierdie boek behoort deur alle lede van die paramediese span waardeer te word. Die skryfster behandel 'n wye veld van die sielkunde en die toepassing daarvan in die hantering van die pasiënt.

Die persoonlikheidsontwikkeling word bespreek met betrekking tot die verhouding tussen die organiese struktuur en emosie, die invloed van oorerwing op die persoonlikheid en die rol van die moeder tot die kind. In laasgenoemde beklemtoon sy die effek wat hospitalisasie of opname in 'n inrigting op 'n kind het, en hoe die kind hierdie verwydering van sy ouers interpreteer. Verder word die rol wat die moeder kan speel in die behandeling van haar kind benadruk.

In die bespreking oor die emosionele funksionering op 'n dieper vlak word klem gelê op die skuld en skaamgevoelens, die ongemaklikheid, vrees en angs wat by pasiënte gevind word, die oorsake daarvan en die pasiënte se reaksie deur aggressie, prikkelbaarheid en aandagsoekery. Motivering met betrekking tot samewerking in behandelings en operasies word bespreek. Die vordering van 'n pasiënt hang dikwels nou saam met sy motivering om te wil oorleef — en sy dui daarop hoe hierdie wil gestimuleer kan word. Tegnieke hoe die pasiënt gehelp kan word om aan te pas en watter hulp die lede van die hospitaalspan hiertoe kan verleen, word ook bespreek. Hiermee saam word die leerproses behandel en is veral van waarde waar die pasiënt by nuwe omstandighede (bv. serebrale trauma, chroniese siektetoestand, verlies van 'n ledemaat) moet aanpas.

Die kort hoofstuk oor pyn en hoe verskillende individue daarop reageer is ook waardevol. Lede van die hospitaal span word daarop gewys hoe om pyn meer aanvaarbaar te maak.

Daar volg 'n besonder insiggewende en breedvoerige hoofstuk oor die emosionele uitwerking wat siekte en pyn op die klein kindjie, asook op die adollesent het. Die belangrikheid van die rol wat die ouers hier kan speel word telkens benadruk. In noue verband hiermee word die fisies gestremde kind of chroniese siek kind bespreek en hoe hulle reageer op behandeling. Daar is in hierdie hoofstuk, sowel as die volgende oor die vroue pasiënte in die menopause en pasiënte van hoë ouderdom gewys hoe traumatiese ondervindings in hospitalisasie of sekere behandelings (hetsy as kind, of a.g.v. opvoedingsopvattinge) kan lei tot emosionele trauma met selfs irrasionele, selfs ondankbare houding van die pasiënt. Dit kan veral in lg. twee (menopause en hoë ouderdom) veroorsaak wees deur endokrine veranderinge of degeneratiewe prosesse, en dis goed dat die paramediese span dit in ag neem by hantering van die pasiënte.

Daar volg 'n kort oorsig oor neurose en psigose. Wat egter meer waardevol is, veral vir fisioterapeute en ander paramediese lede by spesiale skole vir fisies of serebraal gestremdes, is die bespreking van subnormale intelligensie en toestande wat volg op gelokaliseerde breinbeserings. Daar is ook 'n hoofstuk oor die ontwikkeling van die kind en norme wat as leidraad mag dien.

'n Waardevolle hoofstuk is die oor sielkunde in verloskunde. Die voorgeboortelike tydperk met vrees, angs en opgewondenheid, die belangrikheid en sielkundig-fisioterapeutiese bystand gedurende kraam word noukeurig bespreek. Daar word verder verwys na die verskil tussen post-natale „blues" (neerslagtigheid) en pneperele psigose.

Sy skryf in 'n wetenskaplike, dog maklik begrypbare styl sodat begrippe eenvoudig en duidelik uiteengesit word. Sy lig dan ook verduidelikings dikwels met voorbeelde of interessante statistieke toe. Sy bepleit voortdurend dat tyd geneem word om pasiënte te verduidelik waarom sekere behandelinge, operasies of hospitalisasie nodig is, en eerlikheid sover moontlik (veral ten opsigte van behandelinge wat pyn sal veroorsaak). Simpatiseer liewer met pasiënte deur jouself met die pasiënt te identifiseer, of troos (veral 'n kind) direk daarna maar moet net nie onwaarhede vertel nie. Die belangrikste faktor bly egter die tyd wat aan die pasiënt gegun moet word sodat hy/sy hul vrese, bekommernisse (dalk by hul huis) en probleme met jou kan bespreek en jy vir hulle verduidelikings kan gee wat hulle meer geneë sal maak om hul behandeling (of behandeling op hul kinders of geliefdes) te aanvaar.

Reproduced by Sabinet Gateway under licence granted by the Publisher (dated 2013.)